vleispasteitjies	meat pies
eetwa, eetsalon	dining-car
komberse	blankets
kooigoed	bedding
nag	night
prentjies	pictures
advertensies	advertisements
here	gentlemen
dames	ladies
hoog	high
wisselwagter	pointsman
reël	to regulate
handsakkie	portmanteau
koffer, kis	trunk

1. Die trein loop verby ons dorp.
2. Op ons dorp is 'n stasie met 'n stasiemeester, klerke en kruiers.

3. Die jong mense gaan kyk as die trein kom en as hy wegtrek.
4. Agter die lokomotief is die kolewa, dan die eersteklaswaens, die tweede en derde klas en, dan die goederewa en die trokse.
5. Die trokse is vir die skape en beeste en vir die swaar goeters.
6. Die goederewa is vir die goed van die reisigers.
7. Op publieke feesdae loop daar ekskursietreine.
8. Ons koop die kaartjies by die kaartjieskantoor, vir 'n enkele reis of 'n retoer.
9. Mense wat ver trek moet padkos saam neem of op die trein eet.
10. Party treine het eetwaens en slaapwaens.
11. Die treinkneg bring komberse, lakens en kussings vir die nag.
12. Ons betaal daarvoor.
13. Die kruier sorg vir die bagasie.
14. Ons plak die adresse daarop en hy plak 'n nommer daarop.
15. By die stasie sien ons baie advertensies en prentjies.
16. Daar is wagkamers vir here en vir dames en daar is ook 'n goederekamer.
17. Die stasies is verlig met elektriese lig, met gas of met olielampe, en die wagkamers ook.
18. Deur hoë berge is tonnels gemaak.
19. Die wisselwagter reël die wissels.
20. By party stasies lui die klokkie as die trein gaan trek.
21. Die mense wat in die trein gaan, het handsakkies, kosmandjies, trommels en kiste saam.
22. Op alle groot stasies kan ons koerante en boeke koop, gemmerbier, tee, koffie, eiers, vleispasteitjies, koek, ens.

Vrae.

1. Is daar 'n trein in die dorp waar jy (u) woon?
2. Wat is daar agter die lokomotief?
3. Hoe stuur ons skape weg?
4. Wat doen die kondukteur met die kaartjies?
(knip — to clip).
5. Watter kaartjie koop jy, as jy nie terug kom
na 'n plek nie?
6. Waar koop jy 'n kaartjie?
7. Wie sorg vir die bagasie?
8. Waar staan jou kiste en handsakkies?
9. As daar nie 'n eetwa aan die trein is nie, wat
vat jy dan saam?
10. Waarin is die padkos?
11. Waar slaap jy in die nag?
12. Hoeveel betaal jy vir die komberse?
13. Watter lig brand in die trein?
14. Wat kan ons koop op die stasie om te lees
en wat om te eet?

Oefening. Vul in:

In die wagkamer vir die As die
trek, lui die Eers gaan die trein stadig (slowly)
maar later

Ons noem 'n stasie die plek, waar die

Op die stasie is 'n, kl..... en k.....

In die koffiekamer kan ons,, en
koop.

Ons kan telegramme van die telegraaf-
kantoor.

Deur die kan ons praat met ander mense,
wat ver weg

Ons loop vier myl in 'n uur, maar 'n trein gaan
baie

Ek sien in die verte die r..... van die trein.
 Nou staan die trein stil. Die klim af. Hulle
 groet vrinde (vriende).

Maak 'n opstel oor: Op reis.
 " " " " : Ons stasie.

LES 28.

Die Tyd (Time). Die Klok (The Clock).

hele	whole
kwart	quarter
halwe	half
minute	minutes
uur	hour, o'clock.
sekonde	second
wyserplaat	dial

Die horlosie slaan die ure en die halfure.

Die heel ure is: twaalfuur.

eenuur
 tweeuur
 drieuur
 vieruur
 vyfuur
 sesuur
 sewenuur
 agtuur
 neë- of negeuur
 tienuur
 elfuur

Die halfure is die volgende:

12.30	=	halfeen
1.30	=	" twee
2.30	=	" drie
3.30	=	" vier
4.30	=	" vyf
5.30	=	" ses
6.30	=	" sewe
7.30	=	" ag
8.30	=	" neë of halfnege
9.30	=	" tien
10.30	=	" elf
11.30	=	" twaalf

Die kwartiere is:

kwart	oor	een
"	voor	twee
"	oor	twee
"	voor	drie
"	oor	drie
"	voor	vier
	ens.	

5.35 = vyf minute oor halfses of vyf-en-twintig
minute voor ses

5.55 = " " voor ses

8.5 = " " oor ag

8.50 = tien " voor neë

Oefening.

Skryf in Afrikaans:

2.15

2.30

3.35

3.40

3.45

5.55

8.30

12 o'clock

11 "

Hoe laat is dit?

nag

aand

gisteraand

vanaand

goeienag

What is the time?

night (after twelve o'clock at
night)evening (before twelve
o'clock at night)

last night

to night

good night

môre, more	to morrow
môreoggend	" " morning
oormôre	the day after to morrow
eergister	" " before yesterday
vandag	to day
gister	yesterday
aanstaande week	next week
" " jaar	" " year
vandag oor 'n week	to day week
" " " veertien dae	" " fortnight
my horlosie is agter	my watch is slow
" " " " voor	my watch is fast
ek sal dit gelyk sit	I'll set it right
" " " opwen	I'll wind it

Skryf 'n opstel oor *die Tyd*.

LES 29.

Die Weer (The Weather).

dit reën of reent	it rains
" stortreent	" pours
" hael	" hails
" kapok	" snows
" onweer, dis sware weer	there is a thunderstorm
" donder	" " thunders
" weerlig	" " sheetlightning
" blits	" " lightning
dis koud	it is cold
dis baie warm	" " very warm
dis drukkend	" " oppressive
die wind is sterk	" " very windy
dit waai	it blows
'n bui	a shower
'n buitjie	a little shower

LES 30.

**Besitter en besit. (The Possessor
and the possession).**

die boer se perd	the farmer's horse
„ dokter se kar	„ doctor's cart
„ vrou haar of se huis	„ woman's house
„ kind se poppie	„ child's doll
dis nie myne nie	this is not mine
die meisies hul kamers	the girls' rooms
dis gek mense se praatjies	these are fools' stories
is dit jouwe (joune)?	is this yours?
nee, dit is syne	no, this is his
daar lê ons syne (s'n)	there lies ours
hier lê hulle syne (s'n)	here lies theirs

LES 31.

Kort Bevele (Short Orders).

moenie	don't
moenie so maak nie	don't do that
moenie so kwaai kyk nie	don't look so cross
kom vroeg, hoor	come early, you hear
kom hierso	come here
kyk daarso	look there
roep die kneg	call the foreman
„ „ jong	„ „ boy
sê vir die meid	tell the servant
gaan na die winkel	go to the shop
loop haal drie pond koffie	fetch 3 lbs of coffee
bring die geld hierso	bring the money here

sit die kos op die vuur	put the food on the fire
" " " in die oond	" " " in the oven
vee die stoep	sweep the stoep
" " kamers	" " rooms
loop	go away
loop speel nou	go and play now
pluk daardie blom vir my	pick that flower for me
maak vuur	light a fire
maak kos	prepare some food
bring die perd	bring the horse
hou die leisels	hold the reins
hou die perd vas	" " horse
maak los	undo this
maak die kar skoon	clean the cart

LES 32.

Byvoeglike naamwoorde (Adjectives).

Rule 1: Adjectives of one syllable ending in *d*, *j*, *g* generally take *e*.

Rule 2: Adjectives denoting the material are joined to the noun.

f.i. 'n koperketting, 'n waspop, 'n ferweelbroek.

duur, dure	expensive
goedkoop, goedkope	cheap
klein	small
groot, tamaai	big, very big
vet, vette	fat, stout
dik, dikke	thick
dun, dunne, maer	thin
kort(e)	short
lang(e)	long, tall

netjies(e)	neat, tidy
fatsoenlik(e)	decent, respectable
slordig(e), liederlik(e)	untidy, slovenly
kwaai(e)	bad, cross
vrindelik(e)	kind
soet(e)	good, sweet
suur, sure	sour
stout(e)	naughty
bitter(e)	bitter
oud, ou	old
jong, jonk	young
kamma, kamtag	} pretending, for sham
kamtig, kastag, kastig	
goed (goeie)	good
sleg (slegte)	bad
reg (regte)	right or straight
verkeerd(e)	wrong
oorlams(e)	acute, trained, clever, cunning
kenta, kentag, kentang	cheating
perdgerus	quite at ease

Oefening. Vul in met 'n byvoeglike naamwoord:

'n — perd	'n — hoender
'n — huis	'n — modder
'n — meisie	'n — baadjie
'n — man	'n — appel
'n — medisyn	'n — plank
'n — raad (advice)	

Maak sinne deur 'n werkwoord en 'n bepaling (extension) daarby agter die bogenoemde woorde te sit. B. v.

n' Maer perd loop by die huis.

LES 33.

Voornaamwoorde (Pronouns).

<i>Enkelvoud</i>	<i>Singular</i>
1. ek	I
2. jy, u (polite form)	thou, you
3. hy, sy, dit	he, she, it
<i>Meervoud</i>	<i>Plural</i>
1. ons	we
2. julle, jul, u	you
3. hulle, hul	they

Agter voorsetsels of as voorwerp:	After prepositions or as object
my	me
jou, u	thee, you
hom, haar	him, her
daarvoor, daarvan,	for it, of it
daarmee	with it
ons	us
julle	you.
hulle	them

Oefening.

Skryf sinne waar die voornaamwoorde in kom.

LES 34.

**Bywoorde en bywoordelike uitdrukkings
(Adverbs and adverbial expressions).**

baie	much, many, very
veel	much, many
meer, nog meer	more, still more
nie meer nie	no more
nie baie nie	not much, not many
minder	less
danig (warm)	very (warm)
regte (siek)	very (ill)
amper, ampertjies	almost, nearly
soveel	so much, so many
dalkies	
miskien	
altemits	perhaps
altemitters	
netnou	{ in a short time
	{ presently
na 'n tydjie }	{ in a little while
oor 'n rukkie }	{ presently
gelukkig	fortunately
ongelukkig	unfortunately
dikwels	often
partykeer	sometimes
naamlik	namely
vernaamlik	chiefly
gewoonlik	generally
teenswoordig	nowadays
vanmelewe	in olden days
vroeër	formerly
daagliks, daelijks	daily
weekliks	weekly
maandeliks	monthly
jaarliks	yearly

natuurlik	naturally
enigsins	somehow
allesins	in every way
lekker	nicely
lekkertjies }	
saggies }	softly, gently
soetjies }	
weer	again
veral	especially
ook	also
ek lees graag	I like reading
ek sing liewers	I prefer singing
gou (kom gou)	quickly (come quickly)
vinnig loop	to walk quickly
hardloop	to run, run!
meteens	suddenly
altyd	always
vroeg	early
laat	late
ooit	ever
nooit	never
êrens	somewhere
nêrens	nowhere
nog nie	not yet
nog nooit	never yet
volstrek nie	not at all
in geheel nie	on no account
ja seker }	yes, certainly
sekerlik }	
vooruit	forward
agteruit	backward
kant toe	sideward
hierso	this way, here
daarso	that way, there
verskriklik }	terribly
vreeslik }	

LES 35.

Voorsetsels (Prepositions).

op	on, on top of
onder	under, among
uit	out of
in	in, into
met	with
sonder	without
agter	behind
voor	before
na, naar	to
na	after
in (Kaapstad)	at (Cape Town)
tussen	between
bo, bo aan	above, at the top of
by	by, near, at the house of
tot	until, as far as
om	round
teen	against
binne	inside, within
buite	outside, out of
van	of, from
deur	through, by
naas	next to
langes, langs	along, next to
omtrent	about
per	by, per
gedurende	during

LES 36.

Manlik en vroulik (Masculine and Feminine).

'n man en 'n vrou
 'n vader en 'n moeder
 'n broeder } en 'n suster
 'n broer }
 'n boetie en 'n sussie
 'n swaer } en 'n skoonsuster
 'n skoonbroer }
 'n seun en 'n dogter
 'n oom en 'n tante, tannie
 tant Lenie
 'n neef en 'n niggie
 'n jongetjickind en 'n meisiekind
 'n kêrel en 'n nooi (nôï)
 'n jongetjie en 'n meisie (nooientjie)
 'n kafferjong en 'n kaffermeidjie
 'n bruidegom en 'n bruid
 'n wewenaar en 'n weduwee
 'n towenaar en 'n towerheks
 'n heer en 'n dame
 'n buurman en 'n buurvrou
 'n boer en 'n boervrou
 'n baas en 'n nooi (pl. nooiens)
 'n monnik en 'n non
 'n outa en 'n aja

in

'n vri(e)nd en 'n vriendin
 'n Jood en 'n Jodin
 'n koning en 'n koningin

'n graaf en 'n gravin
 'n vors en 'n vorstin
 'n hertog en 'n hertogin
 'n god en 'n godin
 'n slaaf en 'n slavin
 'n neger en 'n negerin
 'n Kristen en 'n Kristin
 'n heiden en 'n heidin

es

'n voog en 'n voogdes
 'n regent en 'n regentes
 'n baron en 'n barones
 'n prins en 'n prinses
 'n profeet en 'n profetes
 'n leser en 'n leseres
 'n dienaar en 'n dienaress
 'n sekretaris en 'n sekretares
 'n priester en 'n priesteres
 'n eienaar en 'n eienares
 'n agent en 'n agentes

ster

'n waarsêer en 'n waarsegster
 'n skrywer en 'n skryfster
 'n voorsitter en 'n voorsitster
 'n snelskrywer en 'n snelskryfster
 'n tikker en 'n tikster
 'n bestuurder en 'n bestuurster
 'n weldoener en 'n weldoenster

triese

'n direkteur en 'n direktriese
 'n akteur en 'n aktriese

'n eggenoot en 'n eggenote
 'n prinsipaal en 'n prinsipale
 'n student en 'n studente
 'n orgelis en 'n orgeliste

DIERE

'n wolf en 'n wolvin
 'n tier en 'n tierwyfie
 'n mannetjiesier en 'n wyfiesier
 'n leeu, leemannetje en 'n leeuwyfie
 'n hings (plur.: hingste) en 'n merrie
 'n bul, os en 'n koei
 'n ram en 'n ooi
 'n kater en 'n kat
 'n haan }
 'n hoenderhaan } en 'n hen
 'n mannetjie-eend en 'n wyfie-eend
 'n mannetjiegans en 'n ganswyfie
 'n reunhond en 'n teef

LES 37.

**Aanwysende voornaamwoorde
 (Demonstratives).**

hierdie man	this man
hierdie vrou	this woman
hierdie kind	this child

dié man of daardie man	that man
dié vrou „ daardie vrou	that woman
dié kind „ daardie kind	that child

In plaas (instead) van *daardie* word ook *darie* gesê.

dit is of dis	this is	duſkant	this side
sulke, sulk	such	van dees maand } van deus maand }	this month
	hiervan	of this	
	daarmee	with that	
	ens.		

LES 38.

Betreklike voornaamwoorde
(Relative pronouns).

Die man *wat* ek gisteraand vir jou gewys het, was die magistraat.

Die nooi *wat* ons gistermôre gesien het, was die nuwe onderwyseres.

waaronder	among	which	waaragter	behind	which
waardeer	through	which	waarmee	with	which
waarin	in	which	waarvan	of	which
waarop	on	which	waaraan	to	which

LES 39.

Rangtelwoorde en reken.
(Ordinals and arithmetic).

dertiende	13 th
veertiende	14 th
vyftiende	15 th
sestiende	16 th
sewentiende	17 th
agtiende	18 th
neëntiende	19 th

twintigste	20 th
een-en-twintigste	21 st
twee-en-twintigste	22 nd
dertigste	30 th
honderdste	100 th

ens.

Na 19^{de} kom daar *ste* agter die hooftelwoord (cardinal).

$\frac{1}{2}$ = 'n half	$\frac{2}{3}$ = tweederde
$\frac{1}{3}$ = eenderde	$\frac{3}{4}$ = drievierde of driekwart
$\frac{3}{7}$ = driesewende	$1\frac{1}{2}$ = anderhalf, anderhalwe of een-en-'n-half

desimale	decimals
breuke	fractions
gewone breuke	common fractions
desimale stelsel	desimal system
repeterende breuke	recurring fractions

3.8, drie en ses repetent

$5\frac{11}{20}$ is 'n samegestelde breuk

$\frac{6}{7}$ is 'n eenvoudige breuk

$\frac{6}{10} = \frac{3}{5}$ { ek vereenvoudig die breuk
ek herlei " "

optel	to add
aftek	to subtract
vermenigvuldig	to multiply
deel	to divide
totaal	total

$\sqrt{64} = 8$ die vierkantswortel

$\sqrt[3]{512} = 8$ die derdemagswortel

Aftreksom.

345 (aftrektal)

16 (aftrekker)

329 (res)

Optelsom.

$$\begin{array}{r} 345 \\ 16 \\ \hline 361 \text{ (som)} \end{array}$$

Vermenigvuldigsom.

$$\begin{array}{r} 345 \text{ (vermenigvuldigtal)} \\ 6 \text{ (vermenigvuldiger)} \\ \hline 2070 \text{ (produkt)} \end{array}$$

Deelsom.

$$\begin{array}{r|l} \text{(deeltal)} & \\ 6 & 345 \text{ (kosiënt)} \\ \hline \text{(deler)} & 30 \\ & 45 \\ & 42 \\ \hline & 3 \text{ oor (res)} \end{array}$$

meet	to measure
maat — mate	measurement(s)
gewig	weight
gelling	gallon
duim	inch
jaart, el	yard
boesel	bushel
pond — ponde	pound(s)
ons — onse	ounce(s)
pint	pint

grootste gemene deler	(G.G.D.)	G.C.F.
kleinste gemene veelvoud	(K.G.V.)	L.C.M.

LES 40.

Voegwoorde (Conjunctions).

en	and
of	or, whether
maar	but
want	for
na	after
dat	that
toe	when
as	when
nieteenstaande	notwithstanding
ofskoon	although
al	although
omdat	because
sodat	so that, that

Oefening om te vertaal.

Daar word in die dorp 'n skool *en* 'n kerk gebou. *Of* dit voor Januarie klaar sal wees, weet ek nie. Die argitek het vir my gesê *dat* dit eind Januarie *of* uiterlik begin Februarie klaar moet wees, *want* dan kom die nuwe predikant. *Na* die twee geboue klaar is, begin hulle aan die poskantoor. *As* die poskantoor daar is, kry ons ook 'n telefoon. *Toe* my pa siek was, was dit baie lastig, *dat* ons nie telefoon genad het nie. *Nieteenstaande* ons ou mense altyd klaargekom het sonder dit, is dit tog baie gemaklik. *Al* bly ek naby die poskantoor, wil ek tog my eie telefoon ook hê, *omdat* ek dan nooit nodig het om te wag nie. Ek sal dit tydig aanvraag, *sodat* ek eerste sal gehelp word.

LES 41.

Wêrelddele, Lande, Bewoners.
(Parts of the World, Countries, Inhabitants).

<i>Wêrelddeel of land</i>	<i>Bewoner</i>	<i>Byvoeglike Naamwoord</i>
Afrika	Afrikaner	Afrikaans
Asië	Asiaat	Asiaties
Amerika	Amerikaner	Amerikaans
Australië	Australiër	Australies
Europa	Europeaan	Europees
Kaap Provinsie	Kapenaar	Kaaps
Transvaal	Transvaler	Transvaals
Vrystaat	Vrystater	Vrystaats
Natal	Natalees	Natals
Suidwes-Afrika		Suidwes-Afrikaans
Rhodesië	Rhodesiër	Rhodesies
Betsjoeanaland	Betsjoeana	Betsjoeaans
Matabieliland	Matabelie	Matabelie
Tembuland	Tembul	Tembulands
Boesmanland	Boesman	Boesmans
Namakwaland	Namakwa	Namakwaas
Swasieland	Swasie	Swasies
Basoetoeland	Basoeto	Basoetoos
Kongoland } die Kongo }	Kongolees	Kongolees
Mosambique	Masbieker	
Oeganda		
Nyasaland	Nyasalander	Nyasalands
Egipte	Egiptenaar	Egipties
Marokko	Marokkyn	Marokkyns

Wêrelddeel of land Bewoner Byvoeglike Naamwoord

Holland	Hollander	Hollands
Engeland	Engelsman	Engels
Skotland	Skot	Skots
Ierland	Ier	Iers
Noorweë	Noorweër, Noor	Noorweegs, Noors
Swede	Sweed	Sweeds
Denemarke	Deen	Deens
Rusland	Rus	Russies
Duitsland	Duitser	Duits
Oostenryk	Oostenryker	Oostenryks
Hongarye	Hongaar	Hongaars
België	Belg	Belgies
Switserland	Switser	Switsers
Frankryk	Fransman	Frans
Spanje	Spanjaard	Spaans
Portugal	Portugees	Portugees
Italië	Italiaan	Italiaans
Griekeland	Griek	Grieks
Turkye	Turk	Turks
Bulgarye	Bulgaar	Bulgaars
Roemenië	Roemeniër	Roemeens
Serwië	Serwiër	Serwies
Sjiena	Sjinees	Sjinees
Japan	Japanees	Japanees
Persië	Pers	Persies
Indië	Indiër	Indies
Arabië	Arabier	Arabies
Armenië	Armeniër	Armenies
Argentinië	Argentyn	Argentyns
Sjielie	Sjieliaan	Sjielies
Brasilië	Brasiliaan	Brasiliaans
Peru	Peruaan	Peruaans

LES 42.

Trappe van Vergelyking (Degrees of Comparison).

Vergelykende	} trap	Comparative degree.
Vergrotende		
Oortreffende	trap	Superlative degree.

Watter reëls kan 'n mens aflei uit die volgende voorbeelde? (Which rules do you derive from the following examples?)

moeilik	moeilik <i>er</i>	moeilik <i>ste</i>
klein	klein <i>er</i>	klein <i>ste</i>
dik	dik <i>ker</i>	dik <i>ste</i>
los	los <i>ser</i>	los <i>ste</i>
vet	vet <i>ter</i>	vet <i>ste</i>
boos	bos <i>er</i>	boos <i>ste</i>
dwaas	dwase <i>r</i>	dwaas <i>ste</i>
groot	groter	groot <i>ste</i>
oud of ou	oue <i>r</i>	oud <i>ste</i>
suur	suur <i>der</i>	suur <i>ste</i>
bitter	bitter <i>der</i>	bitter <i>ste</i>
helder	helder <i>der</i>	helder <i>ste</i>
saf	saft <i>er</i>	saf <i>ste</i>
laat	late <i>r</i>	laas <i>te</i>
vroeg	vroeë <i>r</i>	vroege <i>ste</i>
nuut	nuwe <i>r</i>	nuut <i>ste</i>
kwaad	kwate <i>r</i>	kwaad <i>ste</i>
kwaai	kwaaie <i>r</i>	kwaa <i>ste</i>
netjies	netjiese <i>r</i>	netjies <i>ste</i>
senuweeagtig	} senuweeagtig <i>er</i>	senuweeagtig <i>ste</i>
senuagtig		senuagtig <i>ste</i>
onder		onde <i>rste</i>
bo		boon <i>ste</i>

binne		binneste
buite		buitenste
voor		vorste
agter		agterste
dikwels }		
vaak }	vaker	vaakste
min	minder	minste
weinig	{ weiniger of	{ weinigste of
	{ minder	{ minste
baie }		
veel }	meer	meeste
grof	growwer	grofste
breed	breër	breedste

LES 43.

**Adresse op Briewe, Briefkaarte, Pakkies
en Sirkulêres (Addresses on Letters,
Postcards, Parcels and Circulars).**

Die heer of Meneer	Mr.
Die Weledele Heer	Esq.
Die jonge heer	Master
Mevrou	Mrs
Mejuffrou	Miss
Jongejuffrou	Miss (if under 16)
Die Eerwaarde Heer	{ Rev.
Die Weleerwaarde Heer	
Die Edelaagbare' Heer	Honourable
Posbus 109	Box 109.
'n aangetekende brief	a registered letter
posseël(s)	stamp(s)
briefkaart	postcard

poswissel	postal order
posamptenaar	post official
poskantoor	post office
poskar	post cart
briefbesteller, briefdraer	postman
briewebus	postbox
nommer	number
posspaarbank	postsavingsbank

LES 44.

Vir Klerewinkels (For Drapers).

wasrokke	washing-skirts
onderrokke	petticoats
onderlyfies	camisoles
bloeses	blouses
tabberdjies }	dresses
rokke }	
mantel	coat (for women)
ondergoed	underwear
borsrokke	corsets
broeke	knickers
hemp — hemde	chemise — chemises
naghemp	nightdress
stofmantel	dustcoat
meisierokke	girls' dresses
kinderrokkies	children's dresses
krabies	collars
sakdoeke	handkerchiefs
mansklere	men's clothes
baadjie }	coats
jas — jaste }	
oorjaste	overcoats
onderbaadjie	waistcoat

broek	trousers
stewels	boots
sokke	socks
'n paar sokke	a pair of socks
twee paar	2 pairs
handskoene	gloves
dasse	ties
sakke	pockets
boorde	collars
kamaste	leggings, gaiters
hakke	heels
oorskoene	goloshes
kouse	stockings

uitverkoop	sale
kopies	bargains
die nuutste	the latest
die mode	the fashion
opruiming	clearance
verkleur }	to fade
verskiet }	
krimp	to shrink

strepe	stripes
ruite, ruitjies	checks, squares
stippels	dots
gedruk	printed
geplooi	frilled
geweef, gewewe	woven
geborduur	embroidered
met die hand genaai	hand-sewn

STOWWE.

MATERIALS.

sy	silk
katoen	cotton
wol	woollen

voile	voile
damas, adj.: damaste	damask
flennie	flannel
flenelet	flanelette
linne	linen
kant	lace
ongebleekte katoen	unbleached calico
pikee	pique

alle soorte	all styles
alle groottes }	all sizes
„ nommers }	
goeie }	good quality
beste } kwaliteit	best „
middelsoort	medium
spotpryse	{ big bargains
pragtige stof	{ dirt cheap
sterk	beautiful material
baie sterk	strong
nuttig	very strong
halwe prys	useful
beste maaksel	half price
krale	best make
knope	beads
band	buttons
kwaste	tape
spelde	tassels
sluitspelde	pins
haarspelde	safety-pins
rygpen	hairpins
vingerhoede	bodkin
	thimbles

lint	ribbon
stopwol	mending-wool
bruin	{ tan
	{ brown
crème	cream
swart	black
grys	grey
rooskleur	pink
wit	white
groen	green
blou	blue
lig	light
donker	dark

DEEL II (PART II).

LEES-, VERTAAL- EN SPREEKLESSE
(PRACTICE IN READING, TRANSLATION
AND SPEAKING).

Lees-, Vertaal- en Spreeklesse.

(Na die eerste tien lesse van Deel I kan hiermee
gelyktydig begin word.)

LES 45.

Visse. (Fishes).

voedsel	nourishment
visstok	fishing-rod
vislyn	fishing-line
tegelyk	at the same time
skobbe	scales
kiewe	gills
longe	lungs
asemhaal	to breathe
sterk	strong
party	some
toemaak	to shut, to close
ooglitte	eyelids
beentjies	bones
grate	fish-bones

1. Die visse leef in die water.
2. Hulle bly in die see en in die riviere.
3. Die vleis van die visse is goeie voedsel.
4. Ons vang die visse met 'n net of met 'n vislyn.
5. Met die net kan ons baie visse tegelyk vang.
6. Die vissers vang die vis om dit te verkoop.
7. Die visse het skobbe, kiewe en vinne.

8. Hulle het nie longe om asem te haal nie,
Hulle haal asem deur die kiewe.
9. In hulle bek is sterk tande.
10. Party het ook tande in die gehemelte en op
die tong.
11. Hulle swem met hulle vinne en met hulle stert.
12. Die visse het groot oë, maar hulle kan die
nie toemaak, want hulle het nie ooglitte nie.
13. Die beentjies van die visse noem ons grate.

LES 46.

Die Nag (Night).

kooi	bed
kussing	pillow
laken	sheet
kombers	blanket
kers	candle
uittrek	to undress
doodblaas	to blow out
brand	to burn
lig	light
lug	sky
wolke	clouds
maan	moon
sterre	stars
lantern	lantern
padda	toad
kriekie	cricket

Dit is nou nag. Ons slaap in die kooi. Ons lê met ons kop (hoof) op die kussing. Ons het die laken en die komberse oor ons getrek. Die kers

het gebrand, toe ons uittrek. Ons het hom dood-geblaas.

Die son is lankal onder, die maan en die sterre gee 'n klein bietjie lig. In die dorp brand die lanterns. Daar is wolke in die lug. Die padda kwaak en die kriekie sing.

LES 47.

Die Dag (Day).

speel	to play
vlieër	kite
winkel	shop
mandjie	basket
koetsier	coachman
sakdoek	handkerchief
afvee	to wipe
pad gee	to go out of the way
stof	dust
aand	evening

Die son staan in die lug. 'n Klein seuntjie speel in die straat met 'n vlieër. 'n Vrou gaan na die winkel toe met 'n mandjie aan die arm. Voor die huis staan 'n kar met twee perde.

Die koetsier staan by die perde. Hy het sy hoed in die hand en vee sy gesig af met sy sakdoek.

'n Ossewa kom oor die straat. Ons gee pad, die osse maak baie stof.

Oordag kan ons die son sien, maar in die aand nie; ons sien dan die maan en die sterre. Die son kom in die oggend op; dit is die begin van die dag.

Die son gaan in die aand onder; dit is die end van die dag.

LES 48.

Die Boer (The Farmer).

ploeg of ploee	to plough
reguit	straight
voor — vore	furrow(s)
baadjie	coat
hempsmoue	shirt-sleeves
saai	to sow
maai	to mow
sny	to cut
dors	to thresh
maal	to grind
eg	to harrow
meul	mill
beskuit, beskuitjie	rusk, biscuit

Die boer werk in die veld. Hy ploeg die veld. Die osse loop voor die ploeg. Hy trek reguit vore. Die boer hou die ploegstert vas met sy sterk hande. Hy het sy baadjie uitgetrek en werk in sy hempsmoue. Die boer werk baie hard, hy saai die koring en die mielies. As die koring ryp is, maai hy dit. Dan word dit gedors met die dorsmasien. Die saaikoring word uitgetrap deur merries. Die graan word gemaal in die meul. Dan is dit meel. Van die meel bak ons brood en koek en beskuit.

LES 49.

Baai (Bathing).

baai	to bathe
bad	to take a bath (indoors)
agter	behind
bossie	shrub

skoene	shoes
kouse	stockings
gooi	to throw
gesig	face
blaf	to bark
aantrek	to dress
kry	to get

Dit is somer en baie warm. Die kinders het in die son gespeel en wil nou in die rivier gaan baai. Hulle trek hùl agter 'n bossie uit; hulle trek die skoene en kouse uit en gaan in die water. Klein Karel wil sy kop nie onder water steek nie, maar sy broer gooi water in sy gesig. Die klein hondjie het ook saam gekom. Hy blaf baie. Hulle bly 'n halfuur in die water en dan trek hulle weer aan. Hulle is net baie honger.

LES 50.

Die Strand (The Seaside).

strand	beach, strand, seaside
huur	to hire
emmertjie	bucket
graaf	spade
skulpe	shells
kaalvoet	bare foot
vang	to catch
skuif	boat
dalk	perhaps
wêreld	world

Ons gaan strand toe. Daar is dit koel. Vader het daar 'n huis gehuur. Die kinders speel heeldag in die sand met 'n emmertjie en 'n graaf en die

kleintjies soek skulpe. Hulle loop kaalvoet. Die meisies het kappies op vir die son. Die jongetjies gaan vis vang of in 'n skuit op die water vaar. As hul groot is gaan hulle dalk op 'n groot skip na Holland toe of na Engeland of Amerika om te sien hoe die wêreld daar lyk.

LES 51.

Kalkoene (Turkeys).

goggas	insects
skree	to scream
vinnig	quickly, fast
jaag	to chase
omdraai	to turn round
bleek	pale
spaander	to run away
klip	stone
lag	to laugh
nooit nie	never

Drie kinders loop op die plaas rond. Hulle sien die kalkoene. Die kalkoene soek goggas vir hulle ontbyt. „Kalkoene! kalkoene!” skree Jan, „ek sal hulle ja (jaag). Hy loop vinnig na die kalkoene toe en maak vir hulle kwaad. Een van die kalkoene draai om. Sy kam word rooi en blou. Hy wil vir Jan byt. Jan word bleek, draai om en spaander. Die ander kinders lag. Jan val oor 'n groot klip. Die kalkoen skrik en loop weg. Jan ja(ag) nooit weer kalkoene nie.

LES 52.

Sterwe (To die).

huil	to cry
oudste	eldest
begrawe	to bury
kerkhof	church-yard
begrafnis	burial, funeral
weduwee	widow
graf	grave
juffrou }	mrs.
mevrouw }	

Meneer Du Preez is baie siek. Die dokter het gekom en gesê, hy sal sterwe. Juffrou Du Preez sit by die bed en huil en die kinders en broers en susters is ook almal daar. Die oudste seun het net betyds gekom om die laaste woorde van die vader te hoor. Hulle begrawe hom op die kerkhof. Die predikant is by die begrafnis. Vrinde en famielie het kranse gebring. Sy weduwee laat 'n steen op die graf sit.

LES 53.

'n Huis huur (Hiring of a house).

ekskuus	{ excuse me
	{ I beg your pardon
beduie	{ direct
	{ explain
regsom	to the right

verhuur	to let
'n huis te huur	a house to let
slaapkamers	bedrooms
eetkamer	dining-room
voorkamer	parlour
kombuis	kitchen
bad(s)kamer	bathroom
seker	certainly
donker	dark
aangelê	to lay on
dak	roof
lek	to leak
skeur	to tear
besluit	to decide

„Ekskuus meneer, kan u my beduie waar Keer-omstraat is, asseblief?”

„Ja, dan moet u eers regsom en dan die tweede straat links.”

„Is meneer Van der Pol by die huis?”

Die meid. „Ja, kom maar in, asseblief. Die naam, asseblief?

Mnr. L. Jou baas ken nie vir my nie, sê maar daar is iemand wat die huis wil sien.

„ *v. d. P.* Wat kan ek vir u doen, meneer?

„ *L.* Ek het in die koerant gesien u wil u huis verhuur. Hoeveel kamers is daar?

„ *v. d. P.* Daar is vyf slaapkamers, 'n eetkamer, 'n voorkamer, 'n kombuis en 'n bad(s)kamer. .

„ *L.* Kan ek die kamers sien?

„ *v. d. P.* Seker, met plesier.

- Mnr. L.* Die eetkamer is baie donker, hy kom op die agterplaas uit, sien ek.
- „ *v. d. P.* Ja, maar die ander kamers het son.
- „ *L.* Hoeveel is die huur?
- „ *v. d. P.* Agtien pond in die maand.
- „ *L.* Is daar water aangelê in die huis, en gas?
- „ *v. d. P.* Nee, elektriese lig.
- „ *L.* Ek sien daar is baie reparasies te doen. Die dak lek en die muur is kapot en die papier is geskeur.
- „ *v. d. P.* As u die huis vir 'n jaar huur, sal ek al die reparasies laat doen.
- „ *L.* Goed, dan sal ek maar besluit om dit te neem van die eerste Oktober af.

LES 54.

In 'n Meubelwinkel (In a furniture shop).

meubelment	set of furniture
klant	customer
glad nie	not at all
eie	own
ingevoerde hout	imported wood
stukke	pieces
probeer	to try
gemaklik	comfortable, easy
neem	to take
uittrektafel	extension-table

leer	leather
vry	franco
afstuur	to send away
buffet	sideboard

Die Klant. Ek wil 'n meubelment koop.

Die Koopman. Vir 'n sitkamer of vir 'n slaapkamer?

Klant. Vir 'n voorkamer.

Koopman. Wat dink u hiervan?

Klant. Dit beval my glad nie, dit is ingevoerde hout en ek wil meubels van stinkhout hê, van my eie land.

Koopman. Hier het ek die stinkhoutmeubels.

Klant. Hoeveel stukke is daar?

Koopman. Daar is 'n sofa en vier armstoele en ses gewone stoele.

Klant. Is daar nie 'n tafel by nie?

Koopman. Seker, hier is ene. Probeer, hoe gemaklik die armstoele is.

Klant. Wat kos dit?

Koopman. Tagtig pond.

Klant. Ek sal dit neem. Laat my nou nog 'n eetkamer meubelment sien van ander hout.

Koopman. Hier is 'n uittrektafel, 'n buffet en ses stoele met riempies-matte en 'n rusbank.

Dit is vyftig pond, alles vry aan die stasie.

Klant. Ek sal dit ook neem. Stuur die meubels Dinsdag weg asseblief na hierdie adres.

LES 55.

By die Kleremaker (At the Tailor's).

pak	suit
stof — stowwe	material
maat neem	to take the measurements
baadjie	coat
onderbaadjie	'waistcoat
broek	trousers
manel	frock-coat
middel	waist
mode	fashion
voering	lining
sy	silk
môre oor 'n week	to morrow week
onmoontlik	impossible
aanpas	to fit on, to try on .
knope	buttons
kraag	collar

Kleremaker. Môre, Mnr. Joubert.

Klant. Môre; kan u my 'n pak klere maak soos die van Mnr. Romyn?

Kleremaker. Ja, ek het nog net genoeg stof om dit te doen. As meneer so goed wil wees om die baadjie uit te trek, dan sal ek die maat neem. Wil u 'n onderbaadjie, 'n broek en 'n baadjie van dieselfde stof hê?

Klant. Ja, 'n hele pak.

Kleremaker. Wil u die manel reguit hê of 'n bietjie ingeneem by die middel?

- Klant.* Net wat die nuutste mode is.
- Kleremaker.* Watter voering wil u daarin hê?
- Klant.* Goeie sterk voering en kan dit môre oor 'n week klaar wees? Ek moet na 'n bruilof.
- Kleremaker.* Nee, ek kan dit onmoontlik voor Maandag oor veertien dae klaar hê.
- Klant.* Ja, daar is dan niks aan te doen nie. Wanneer kan ek kom aanpas?
- Kleremaker.* Donderdag, asseblief, in die oggend.

LES 56.

Die knap Dokter (The clever Doctor).

op reis	on a journey
koors	fever
losieshuis	boarding-house
dorp	village
sommarso	common
arbeider	labourer
gevaarlik	dangerous
probeer	to try
kans	chance
vir proef gebruik	to experiment upon
mense	people
goed afloop	to succeed
skaars	no sooner
angs	anxiety
beter maak	to cure

'n Dokter wat baie knap was, vertel hoe hy een slag homself gedokter het. Hy was op reis en het

die koors gekry en moet toe op 'n dorp in 'n losieshuis bly, wat nie van die beste was nie.

Twee dokters van die dorp kom na hom kyk. Een van die twee dink dat die siek man somarso 'n arbeider is en praat Latyn met die ander een.

Hy sê: Ons sal die gevaarlike operasie op hom gaan probeer. Ons het hier net 'n goeie kans om hom vir 'n proef te gebruik. As hy doodgaan, sal niemand daar iets van hoor nie. Hy is 'n uitlander. Sy mense is nie hier nie en as dit goed afloop, dan sal ons 'n naam vir ons maak.

Skaars het die sieke dit gehoor of hy spring uit die kooi, gryp sy klere en hardloop. Die angs het hom somar op die slag beter gemaak.

LES 57.

De drie Byle (The three Axes).

byl	chopper, axe
houtkapper	wood cutter
eerlik	honest
duik	to dive
steel	handle
nog 'n keer }	once more
" " slag }	
ou(e)	old
verkoop	to sell

'n Houtkapper werk naas 'n diep rivier toe sy byl in die water val.

Die god Mercurius kom vir hom help, maar eers wil hy sien of die man eerlik is of nie. Hy duik onder die water en kom bo met 'n byl, wat 'n goue

steel het. „Is dit jou byl?” vra hy vir die houtkapper. „Nee,” sê die man, „myne was nie so mooi nie.”

Toe duik Mercurius nog 'n keer en bring 'n byl met 'n silwersteel. „Is hierdie een joue?” vra hy. „Nee, dit is ook nie myne nie,” sê die houtkapper, „myne was maar 'n ou ene.”

Eindelik kom Mercurius met die regte ene, die met die houtsteel en hy sê: „Omdat jy so eerlik gewees het, gee ek jou al drie die byle.”

Die houtkapper was regte bly. Hy kon die goud en silwer verkoop en lekker lewe met sy vrou en kinders.

LES 58.

Medelyde (Compassion).

regter	judge
veroordeel	to condemn
soldate	soldiers
plek	place
galg	gallows
skaduwee	shade
krag	strength
vergeet	to forget
sersjant	sergeant
misdad	crime

Daar was eendag in 'n land ver hiervandaan 'n man, wat kwaad gedoen het en die regter het hom veroordeel om gehang te word.

Die soldate bring hom na die plek toe waar die galg staan. Dit was 'n baie warm dag en die beeste lê almal in die skaduwee. Kort by die pad waar hulle langes gaan is 'n dammetjie. Op die kant lê

'n hond met sy tong uit die bek. Hy is halfdood en het nie krag om by die water te kom nie.

Toe die man, wat gehang moet word dit sien, vergeet hy waar hy is en hy skep sy skoene vol water en laat die hond drink.

Die koning van die land sien dit en stuur 'n sersjant om die soldate te roep. „Laat die man vry,” sê hy, en aan die kwaaddoener sê hy: „Jou medelyde met die hond het vir my gewys dat daar nog goed in jou hart is. Ek wil jou nog 'n kans gee. Gaan huistoe, jy is vry.

LES 59.

Die Aarde (The Earth).

plat	flat
seile	sails
eerder	sooner
hoe hoe	the the
dieselfde	the same

Die aarde is rond net soos 'n bol.

Ons weet, dat die aarde nie plat is nie, want as ons na 'n skip kyk wat oor die water na ons toe seil, sien ons eers die top van die mas, dan die seile en uiteindelik die kiel.

Hoe verder oos ons gaan, hoe eerder die son opkom en ondergaan en hoe meer wes ons gaan, hoe later hy opkom en ondergaan. As die wêreld plat was, sou die son orals op dieselfde tyd op- en ondergaan.

Die aarde is 'n planeet en al die ander planete is rond, so moet die aarde ook rond wees.

LES 60.

Betyds (In time).

jakkals	jackal
wilde vark	wild boar
slyp	to grind
nêrens, nergens	nowhere
antwoord	to answer
verstandig	sensible
gebruik	to use
altyd {	always
altoos }	

'n Slim jakkals het eendag 'n jong wilde vark gekry. Die vark staan en slyp sy slagande op 'n klip. Hoekom maak jy nou jou tande skerp?" vra die jakkals; „daar is nêrens 'n jagter of 'n jaghond te sien nie." „Ag, jakkals," antwoord die verstandige vark, „dit sal nooit gaan, om my tande te slyp, as dit tyd is om hul te gebruik nie. Ons moeder het ons geleer om altoos betyds klaar te wees.

LES 61.

'n Loesing (A Thrashing).

matroos	sailor
lui	lazy
spandeer	to spend
sla, slae, houe	lashes
kats	cat o' nine tails
selfs	even
dosyn	dosen
glad nie	not at all

'n Sterk maar lui matroos wat in die top van die groot mas werk moet doen, spandeer al te baie tyd daaraan na die sin van die kaptein. Die kaptein roep daarom: „Kom af, jou lui ou vabond en ek sal vir jou 'n dosyn houe gee met die kats.”

Die matroos, wat glad nie lus gehad het vir slae nie, sê: „Ek sal nie afkom nie, kaptein, selfs al beloof jy my drie dosyn. Ek hou glad nie van 'n loesing nie.”

LES 62.

'n Abuis (A Mistake).

toneelspeler	actor
jong	boy
per abuis	by mistake
vloeipapier	blotting-paper
insluk	to swallow

'n Beroemde toneelspeler was siek en die dokter het hom medisyne gegee wat so swart was as ink.

Een oggend gee die jong vir hom per abuis ink in. Toe die baas die ink ingesluk het, sien die jong dit en hy roep: „Ag baas, ekskuus tog baas! maar ek het baas ink ingegee pleks van medisyne; dit was nog so donker; so het ek die bottels nie uit mekaar geken nie.”

„Dis niks, Jaap,” sê die toneelspeler. „Gee net vir my die vloeipapier wat daarso lê; ek sal bietjie daarvan insluk.”

LES 63.

**Met pantoffels in die kooi
(With slippers on in bed).**

sloffies, pantoffels	slippers
bind	to tie
maat	comrade
mal	mad
beskerm	to protect
spykers	nails
verskriklik	terrible
sonder	without

'n Oubaas wat deur 'n donker bos gery het, klim af by 'n hotel en gaan dadelik kooi toe. Voor hy kooi toe gaan, bind hy 'n paar sloffies aan sy voete vas. Sy maat wat ook in die kamer slaap, dink: „die oukêrel is mal.” Hy vra vir hom: „Trek jy dan sloffies aan as jy gaan slaap?” „Ja, en hul sal my voete beskerm teen glas, spykers en sulke goed. Verlede week het ek gedroom, dat ek kaalvoet op die strand loop en op 'n stuk glas trap. Ek had verskriklike pyn en nou wil ek nooit weer kooi toe sonder pantoffels nie.”

Les 64.

Die Karo (The Karoo).

reëns	rains
verte	distance
stip	speck
koppies	hills

partykeer(s)	sometimes
skeure	crevices
maand	month
dor	dry
droog }	

Skaars het daar reëns geval of die Karo lyk soos 'n groot blomtuin.

Alle vyftien of twintig myle kom 'n mens by 'n boereplaas. Die huis lyk in die verte nes 'n wit stip.

Dit lê aan die voet van 'n ry koppies en die skaapkrale is halfpad teen die kop. Partykeer is daar 'n tuin by die huis met vrugtebome en 'n dam met wilgerbome. In die skeure van die rotse groei blomme, maar na twee maande is alles verby en die Karo-wêreld lyk weer net so dor en droog as die ander tye van die jaar.

LES 65.

Glad nie siektes nie (No illness whatever).

kuier	to visit
kinkhoes	whooping-cough
masels	measles
lekkergoed	sweets
hoekie	little corner
niks	nothing
speelgoed	toys

'n Vrou kom kuier by 'n huis waar drie kinders is, een seuntjie en twee meisiekinders. Die seuntjie het die kinkhoes en die een meisie die masels.

Die groot mense in die huis maak baie van die siek kinders en die vrou het lekkergoed vir hulle gebring.

Die ander klein meisie sit in 'n hoekie en huil.
 Die vrou gaan soontoe en vra: „Wat makeer?”
 Die kind hou 'n rukkie op met huil en sê: „Hulle
 het masels en kinkhoes en hulle kry lekkergoed en
 speelgoed, en ek het niks, nie masels of niks nie!”
 en daar begin sy weer hard te skree.

LES 66.

Twee Bure (Two Neighbours).

grenslyne	boundaries
rusie maak	to quarrel
kleinigheid	trifle.
vrederegter	Justice of the Peace
onmoontlik	impossible
voer	fodder
liewers	better, rather
uitlê	to explain
bly	glad
skemeraand	dusk

Twee boere kon nie met mekaar ooreenkom
 omtrent die grenslyne van hulle grond nie. Eindelik
 sê die een: „Kyk hierso, buurman, dit kan so nie
 langer gaan nie, ons kan nie langer rusie maak
 oor so'n kleinigheid as 'n stukkie grond nie. Laat
 ons na die vrede-regter gaan en die saak deur hom
 laat uitmaak.”

„Ja, dis goed,” sê Walter, „laat ons môre gaan.
 Wat die regter sê, sal dan goed wees.”

Die volgende môre kom Pieter by Walter se
 huis. „Is jy klaar?” vra hy.

„Ek kan onmoontlik vandag uitgaan,” sê Walter.
 „Dit gaan reent en ek moet my voer inhaal. Jy

moet maar liewers alleen gaan, Pieter. Jy weet mos net so goed as ek, waarom ek dink ek is reg. Lê die saak mooi uit aan die vrederegter, nadat jy eers jou saak uitgelê het en vertel vir my wat hy gesê het, as jy weerkom."

Pieter gaan alleen. Teen die skemeraand kom hy terug en gaan reguit na Walter se huis toe. „Buurman," sê hy, „die vrederegter sê, jy is reg. Nou is die saak in orde, ek is bly, dat ons nou nie meer daaroor hoef rusie te maak nie.

LES 67.

Die Duikboot (The Submarine).

gemaklik	easily
snaaks	strange
plat	flat
enigste	only
vyand	enemy
sorg vir, sôre	to see to
hawe	harbour
stilletjies	secretly
waterdig	watertight
stuur	to steer
gedryf	driven
skroef	propeller
roer	rudder
duik	to dive
tog	yet
gewig	weight
groter maak	to increase
kleppe	valves
tenk	tank
snelheid	speed

Die duikboot is 'n skip, wat net so gemaklik onder die see kan reis as bo op. Dit lyk baie snaaks, amper net soos 'n seroet of sigaar, maar plat bokant, want daar moet die offisiere en die manskappe staan.

In die middel van die dek is 'n klein torinkie en dit is die enigste pad vir die bemanning om binnekant die boot te kom.

Wat maak hulle met so'n snaakse skip? Dit is 'n oorlogskip. Kom daar 'n boot van 'n vyand, dan sorg die duikboot daarvoor dat die boot nie in ons hawe kan kom nie. Die duikboot gaan stilletjies die hawe uit en trek eers bo-op die see rond. Net so gou as die vyand se skip naderby kom, gaan die duikboot onder water. Maar voor hy dit doen, maak die manne eers alles klaar.

Die eerste wat hulle doen, is almal binne toe te gaan en die deur van die toring toe te maak; dan is die skip waterdig.

Die skip word onder water gestuur, met 'n bekwame offisier wat orders kan gee watter koers om te hou.

Die duikboot het masiene om hom voort te beweeg, maar die masiene word nie gedryf deur stoom nie, maar deur petrol of gasolien. Hy het die gewone skroef en die gewone roer, maar ook nog twee ander roere wat nie vertikaal maar horisontaal werk om die skip te laat duik of om dit op te laat kom.

Tog kan die skip daarmee alleen nie onder water gehou word nie; om dit te doen moet die gewig groter gemaak word. Hulle maak twee kleppe oop in die onderseër en daardeur stroom die seewater en vul twee tenke. As daar genoeg water ingekom het om die skip te laat sink so diep as hulle dit wil hê, word die kleppe toegemaak en dan seil die skip onder water voort met 'n snelheid van tien of elf myl per uur.

LES 68.

**Die dapper manne in die Onderseër
(The brave Men in the Submarine).**

lug	air
onsuiwer	impure
verniel	destroy
vars	fresh
krag	force
by ongeluk	by accident
modder	mud
bodem	bottom
saamgeperste	compressed, condensed
wegblaas	to blow away

Binnekant die boot is twaalf manne, twee daarvan is offisiere. Hulle moet onder water bly en daar kan nie lug by hulle kom nie. So neem die boot gekondenseerde lug saam, wat bietjie-bietjie uitgelaat word, en die lug wat vuil of onsuiver geword het deur hulle asems, word uit die boot gedrywe.

Dit kan wees, dat die manne urelank onder die water moet bly. Daarom moet hulle genoeg lug, kos en water saamneem. As hulle nou kort by die skip van die vyand gekom het, skiet hulle 'n torpedo af om die skip te verniel. As hulle werk klaar is, forseer hulle die water weer uit die tenke en laat die duikboot weer boontoe gaan. Dan maak hulle die deur van die toring oop en laat weer vars lug in kom.

Die saamgeperste of gekondenseerde lug is die krag wat die water weer uit die tenke drywe. As die boot by ongeluk in die modder op die bodem van die see bly steek, dan is dit die saamgeperste lug, wat die modder wegblaas en maak, dat die skip weer boontoe kan kom.

LES 69.

Vlie (Flying) (1).

vlie, vlieg	to fly
gelede	ago
lag	to laugh
gedagte	thought
fietswinkel	bicycle shop
ooit	ever
proewe	experiments
glymasiene	gliding-machines
skuur	shed
koerantskrywers	journalists
soebat	to beg
trots	proud
gebeur	to happen
spot	to jeer
seildoek	canvas
hefbome	levers

Wilbur Wright was een van die groot manne van die wêreld. Hy het aan die wêreld die wonder openbaar om te vlie. Jare gelede toe iedereen lag by die gedagte dat 'n mens sal kan vlie, werk Wilbur Wright en sy broer Orville hard in hulle fietswinkel in Dayton, Ohio, Amerika. Hulle was gewone werksmense, maar hulle wil doen, wat g'n mens in die wêreld ooit gedoen het nie, hulle wil gaan vlie.

Hul vader help vir hulle al wat hy kan, hul suster gee al haar spaargeld en vir jare het hulle hard gewerk en op 'n dag kom hul uit hul winkel en hulle vlie(g).

Die broers het eers proewe geneem met glymasiene tot die jaar 1900 toe en op die 17^{de} Desember

het hulle 'n vliegmotor wat een man kan dra, 59 sekondes in die lug laat rondgaan. In 1904 het die motor honderd keer gevlieg en in 1905 ses keer meer as tien myl en twee keer twintig myl.

Toe het die broers na Europa toe gekom en aldag het hulle opgevlieg in Frankryk, waar hulle 'n skuur gebou het op 'n groot veld. Konings en prinse, ministers en koerantskrywers, almal het vir Wilbur Wright gesoebat om in sy vliegmasien te sit, maar Wilbur het nooit trots geword nie. Hy het maar altoos stil deurgewerk in sy skuur met sy leerbaadjie aan, net asof hy nog fietsmaker was in Ohio.

Heeldag deur staan die mense voor die groot deure van sy skuur. Van die oggend tot die aand wag hulle in die veld en as daar dag vir dag niks gebeur nie, begin die boere vir hom uit te lag en met hom te spot.

Maar eendag gaan die deure van die skuur oop en Wilbur kom uit en Orville kom uit en uit kom 'n groot, snaakse ding, 'n ding van hout en seildoek vol ysterdraad en hefbome, 'n ding op wiele, en die boere lag nog harder as ooit tevore.

LES 70.

Vlie (2).

steur hom maar	} does not mind.
min daaraan	
nooit	never
bladsy	page
geskiedenis	history
mensheid	humanity
bomme	bombs
treurig	sadly
oorlog	war

Die boere lag, maar Wilbur steur hom maar min daaraan. Hy gaan op die stoeltjie sit en maak klaar.

„Een!” ... roep hy.

„Een!” ... spot die mense.

„Twee!” roep hy.

„Twee!” spot hul almal.

„Drie!” roep hy en die mense spot nie langer nie, want Wilbur Wright vlie al deur die lug.

Hy kom weer onder toe en nooit spot hulle weer nie, want die mense wat so gelag het oor hom, die Franse mense, val om sy nek en soen vir hom.

Hulle het 'n nuwe bladsy gesien in die geskiedenis van die mensheid, hul het die eerste man gesien wat vlie.

Wilbur Wright wou nooit gehad het, dat hul vliegmasiene sal gebruik word om bomme te gooi nie; hy het gedink dat vliegmasiene 'n end aan die oorloë sou maak.

Wilbur Wright is dood, hy het eendag geval en sy broer Orville gaan treurig alleen deur met die werk.

Net soos ons partykeer aan Stephenson dink as ons 'n trein sien, so sal ons aan Wilbur Wright dink, as ons 'n lugskip sien gaan. Hy het vir ons 'n pad deur die lug gemaak.

